

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 64



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

As die skemerte daal

As die lig verflou...
As die skaduwees lank word...
As die geluid van die arbeid stil word...
En die tone van die lied dof word...
As jy die swart voëls die nag tegemoet sien vlieg...
en jy die boodskap van die skemerte begin verstaan...

Dan weet jy sonder dat iemand jou dit vertel het:
Ook ek is 'n dag nader.
Vir my is nog 'n skof verby;
Nog 'n bladsy geskryf;
Nog 'n strepie op die doek;
Nog 'n blaar het geval;
Nog 'n aar is gepluk;
'n Sandkorrel minder in die sandloper van my lewe.
'n Dag nader aan my skemeruur, wanneer ook ek moet gaan, deur die
doodsdal, diep en donker...

REISIGERS

Terwyl die lig nog helder skyn en die geruis van die arbeid en die aktiwiteit van die lewe deur jou vloei, wil jy nie dink aan jou einde nie. Die lewe pols nog fris, die son sit nog hoog, maar moet dit nie miskyk nie: elke sonsondergang bring aan jou die onverbiddelike boodskap dat die nag ook vir jou kom... maak jou klaar.

Jy en ek is reisigers... pelgrims na die ewigheid en of ons dit wil weet of nie, die tyd is 'n magtige stroom wat jou teen wil en dank meesleur.

WAAR EINDIG DIT?

Jou reis gaan eindig — waar? By een van twee: of by die Vaderhuis, of in ewige verlorenheid — in ewige vreugde of ewige duisternis. Dit hang af daarvan of jy jou koers gerig het na die Vaderhuis of nie; of jy geluister het na die roepstem van God of geloop het op eiesinnige paaie; of jy die kompas van God se Woord gevolg het of die verwarde rigtings van jou eie begeertes; of jy met God gewandel het en of Hy, wanneer die nag oor jou val, gaan sê: vreemdeling, gaan weg, Ek ken jou nie,... hier is nie plek vir jou nie.

Vir die gelowige gaan die hemelse lig op wanneer die doodskaduwees oor sy pelgrimspad kom val. As 'n geliefde kind kom hy tuis na 'n moeitevolle swerftog. Sy laaste asemstoot is 'n klop aan die ewige deure. Die poorte swaai oop en die engele van God dra hom na die hemelse lig.

GEEN DOODSVREES MEER

Christus het aan sy dissipels gesê: "Ek gaan om vir julle plek te berei... sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Joh. 14 : 2, 3). Hy neem sy kinders by Hom in die ewige paleise, waar Hyself vir hulle plek gereed gemaak het.

Ter wille van hulle het Hy gesterf — dat hulle erfgename van die ewige heerlijkheid mag wees... die rykdom wat alle verstand te bowe gaan... wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie. (1 Kor. 1:9).

Is u een van die kudde van die Goeie Herder... 'n kind van God... 'n lewende lid van sy liggaam (die gemeente, Koll. 1 : 24) ? Wat 'n ryke troos het u dan! U hoef nie meer te vrees

vir die skemer wat oor u lewe daal nie en u sal die waarheid van sy belofte ondervind: "My genade is vir jou genoeg." (II Kor. 12 : 9). U hoef nie wanhopig vas te klou aan die dag wat onherroeplik deur u vingers gly as die lig begin kwyn oor die vlaktes met die boodskap: 'n dag nader aan jou dood nie. Dan sal u saam met Paulus weet en kan sê: "Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins." (Fil. 1 : 21) — 'n wins groter as alles wat die aarde kan bied.

Met elke skemerte 'n dag nader aan die Vaderhuis — nader aan die ewige lig wat oor my sal opgaan.

Kan u dit sê?

W. J. Maritz.

Ek het al aan SELFMOORD gedink

Jy sê jy het al aan selfmoord gedink. Watter vorm van selfmoord jy oorweeg het, sal ons maar daar laat. Daar is seker baie maniere waarop 'n mens van hierdie aardse bestaan ontslae kan raak, maar waarin ek intens belang stel — en ek wil jou vra om openhartig met my daaroor te praat — is die vraag waarom jy aan selfmoord selfs gedink het.

Is dit omdat jy lewensat en ten dode toe gefrustreerd is? Is dit omdat jy as diep-vereensaamde die gemeenskap van jou medemens ontbeer? Is dit 'n brandende huweliksprobleem, knaende gewetenskapwelling of slepende siekte? Kortom: is dit omdat jy diep ellendig is en omdat jou lewe 'n hel op aarde geword het?

Die wortel van jou kwaal

Ek aanvaar wat jy vir my sê. Ek glo jou werklik as jy sê dat jy ellendig voel, want die ellende in die wêreld is om weer die gemeenskap met die Here te soek in die lees van die Bybel, in kerkbesoek en in gebed. As jy tog maar net tot die ontdekking kan kom dat jyself verantwoordelik is vir die diepte van jou ellende, dan is jy na aan die oplossing van jou moeilikhede.

Wat is die oplossing?

Sekerlik nie om selfmoord te pleeg nie. Daar is al baie gedebatteer of selfmoord 'n daad van lafhartigheid of heldemoed is. Op grond van God se Woord stel ek aan jou dat dit 'n daad van lafhartigheid is — die gevolg van die vloek van God oor die sonde wat Adam en Eva in die Paradys begaan het. Lees asseblief Genesis 3, want daar sal jy vind dat die vloek van God oor die sonde die wortel van alle ellende is — van jou ellende in besonder, omdat jy ook deel in die sondeval van Adam en Eva.

Skotvry?

Behalwe vir voorafgenoemde feit, vra ek jou om hand in eie boesem te steek en jou af te vra **in hoe 'n mate jyself verantwoordelik** is vir hierdie ellende waarin jy verkeer. Is dit nie omdat jy jou oorgegee het aan die duiwel, die verlokkinge van die wêreld of die verleidinge van die vlees nie? Is dit nie omdat jy God in jou lewe vergeet het nie? Dan is hierdie ellende van jou die dringende roepstem — nie om jou hand aan eie lewe te slaan nie — maar om jou te bekeer. Niemand het die reg om eiemagtig die hand aan sy lewe te slaan nie.

Terloops, dink jy miskien selfmoord is 'n oplossing vir jou probleme? Dit mag miskien 'n oplossing wees vir jou aardse probleme, maar met betrekking tot jou onsterflike siel is dit geen oplossing nie. Die selfmoordsprong is nie die sprong in die vergetelheid van die dood nie, maar 'n sprong tot voor die troon van God voor wie jy rekenskap sal moet gee.

Nee, selfmoord is nie 'n oplossing nie. Die enigste oplossing is om jou toevlug te neem tot Jesus Christus wat sy lewe in die dood aan die kruis opgeoffer het om jou met God te versoen; wat jou ellende aan die kruishout gedra het.

Jy sal vrede vind...

Bely jou sondes en dra tegelyk jou brandende laste aan die Here in 'n vurige gebed op... en jy sal vrede vind vir jou gemoed. Lees die Bybel waarin die Here jou die oplossing sal skenk in die woorde: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matteus 11:28).

Besoek die kerk getrou waar die Heilige Gees die genade aan jou sal skenk om berusting te verkry. Dan sal jy ondervind dat jou lewe nie 'n hel is nie, omdat Christus die hel aan die kruis vir jou gedra het.

Ek wil afsluit met hierdie waarskuwing. As jy Jesus Christus deur die geloof gevind het, beteken dit nie dat jou pad in die toekoms enkel met rose besaai sal wees nie. Nee, jy sal nog jou kruis moet dra, maar nou sal jy dit geduldig en berustend kan dra, omdat jy weet dat God jou deur die lyding vorm vir die ewigheid. Lees asseblief 2 Korinthiërs 4:16-18.

Ek vra jou in die naam van onse Here Jesus Christus: moenie weer aan selfmoord dink nie.

C. J. Malan

Geloof

*Die kommunis en sinikus
sê ewe bot:*

Daar is geen God.

*Hy sien, die dwaas,
nie die Skeppersmag
by die sterreprag,
in diepe oseaan en op wye vasteland
geen teken van Gods Almagshand.*

*Sy lewe bly vol smart en leed,
omdat hy doelbewus vergeet
dat elkeen wat op gemoedsrus hoop
dit alleen kan kry deur na God te loop.*

*Wees u dus in u hart oortuig
dat Hy alleen kan help, en buig
in diepe ootmoed voor Hom neer,
aan Hom alleen gee al die eer.
Aan die oortuiging bly ons kleef
dat onse God vandag nog leef.*

H. Stallknecht.

ONS HET 'N WEG GEVIND

Dit is 'n pad van die dood! Só word sekere paaie genoem — ook heeltemal tereg. Dit is paaie waarop menselebens soms so maklik weens die drukke verkeer in 'n ongeluk afgeknip word. Dit gebeur daagliks. U weet dit self.

Daar is

skreeuende remme;

glasskerwe wat uiteen spat;

'n dowwe slag van 'n rollende motor;

miskien 'n paar benoude, skerp gille... en dan

donker stofwalms.

Daarna is dit radionuus of in groot opskrifte in die koerant — nog 'n ongeluk — mense op slag dood. U lees dit, ril... en u gaan aan met u werk!

Só is ook die pad van die lewe. Dit is eintlik 'n pad van die dood — veral sonder Jesus Christus. Dit is daarom 'n **uiters** gevaarlike pad. Die tol wat dit eis, is geweldig hoog. Die sekel van die satan sny met groot hale op hierdie pad. Dit sny tot in die ewige dood!

Tóg is daar 'n vaste moontlikheid op die pad van die lewe, om weg te kom van hierdie dood sonder Jesus Christus. Hierdie moontlikheid is Jesus Christus-self. Hy is die weg!

'n Uitweg

Hy is vir u 'n uitweg. U weet 'n mens voel soms in die middel van die wêreld. Veral as jou sonde jou een of ander tyd inhaal. Dan weet jy nie of jy nou na links of na regs, vorentoe of agtertoe, of na watter kant ook al die wyk moet neem nie. Alle lewensdeure lyk vir jou op slot en grendel. Jy is ingeperk.

— En tóg is daar 'n uitweg. God het aan ons hierdie uitweg gegee. Daarom is hierdie uitweg duidelik en bekend. Dit is Jesus Christus.

— Hy is die uitweg uit die vangnette van alle sonde. Hy is die deur uit die donker sondekamers van die lewe.

— Hy gee die uitweg deur die kruis.

'n Deurweg

Hy is vir u 'n deurweg. U ken seker ook die **doodloopstrate** van die lewe. Dit is wanneer u nie meer verder in die lewe kan gaan nie. Dit is asof die pad vir u doodgeloop het. Dit is asof u in u verbeelding die bordjie 'Geen deurgang' kan sien.

Kyk by hierdie doodloopstrate net op. Kyk op na God deur Christus. Kyk op na Hom in die gebed. Vou u hande, sluit u oë en open u hart tot God — al is dit vir u die eerste keer, of al het u dit in jare miskien nooit gedoen nie.

In Jesus Christus sal u altyd 'n deurweg vind.

In Hom gaan die weg verder.

In Hom gaan die wáre lewe voort.

'n Omweg

Stadig! Omweg vorentoe! Baie stadig!

U ken hierdie padtekens. Dit is goeie waarskuwings. Dit maak die pad vir u veilig. Ons het sulke veiligheidstekens ook in ons lewe nodig. Daar is noodsaaklike en regte omweë op die lewenspad waarop ons gewys moet word. Ons moet met omweë om die sonde en die sondeplekke gaan.

Ja, vlug vir die sonde! Ontwyk dit! Vermy die plekke waar die plaë val! Die omweg is nog steeds Jesus Christus. Hy wil u ook veilig daaromheen neem.

'n Oorweg

U sê u hou daarvan om met sekerheid veilig te reis. U wil graag altyd u bestemming veilig bereik. Dit is verstandig om so te dink. U is op pad. U is op die lewenspad... saam met my en al die ander. Hierdie lewenspad sal u — net soos vir my en die ander — eendag, vanuit hierdie lewe na 'n lewe anderkant die graf neem.

'n Uiters dringende vraag is nou: wat sal die bestemming wees waarheen ons oorgeneem sal word? Sal ons daar behoue aankom? Ek is seker dat die antwoord vir ons hierin lê: op watter **oorweg** sal ons vanuit hierdie lewe die toekomstige lewe binnegaan?

— Daar is net één veilige oorweg.

— Dit is Jesus Christus.

— Wie met Hóm vanuit hierdie lewe in die toekomstige lewe oorgaan, sál gered wees. Hy alleen sal ons oë in die ewigheid van God met die engele en verlostes laat oopgaan. Hy alleen is ons weg daarheen.

U vra na die pad van die lewe? Dit gaan oor Golgota. Dit is in Jesus Christus gebaan. “Ek is die Weg... “ het Hy gesê.

Volg in die geloof Sy bloedspoor vir u ewige saligheid.

Dan sal ook ú naam in die boek van die lewe geskrywe staan en eendag uitgelees word.

P. du Plessis

ONS VOORBLAD:

'n Foto van die aarde, geneem van die maan af.

Iemand het eenmaal vir 'n vooraanstaande wetenskaplike gevra of dit vir hom na al die vordering wat daar op wetenskaplike en tegniese gebied gemaak is, byvoorbeeld ten opsigte van ruimte-reise, nie moeilik word om nog in God te glo nie.

"Nee", was die antwoord, "nou besef ek elke dag meer van hoe groot en heerlik God, die Skepper van so 'n wye heelal, moet wees".

Ek sien twee mense stap. Dit is 'n groot man en 'n kind. Rondom hulle dreun en spoed die woelige stadsverkeer. Die jong kind neem senuagtig die groot hand van die vader... eintlik net een vinger van die sterk hand. Nou voel die kind gerus. Sy onverklaarbare angs het verdwyn en die vaderhand gee weer die gevoel van veiligheid aan die onsekere kindergemoed.

'n VADER in die HEMEL

Hoe innig-mooi kan die verhouding vader-kind nie wees nie. Hoe geseënd die verhouding tussen vader en kind as dit een van liefde en vertrouwe is. Hoeveel is die vader nie werd in die ontwikkeling en groei van die kind nie. Die vader is een van die pilare waarom die kind soos 'n klimopplantjie rank en groei. Die moeder is die ander pilaar. Al twee is so nodig.

Mens sidder by die gedagte van die leed wat so baie kinders moet verduur deur onbedagsame en dikwels wrede vaders. 'n Kind kan so baie verduur en hy sal ook so baie vergewe as hy maar net die liefde en aanmoediging en erkenning van vader ontvang. Vaders skiet kort, faal en stel teleur en kinderhartjies bloei en word gekrenk.

Hand in hand

Christus wat op die Kersnag eeue gelede in Betlehem ons menslike natuur aangeneem het, het die mens, wat deur sy ongehoorsaamheid in die paradys vervloek is en van God vervreem geraak het, weer teruggelei na die Vader. Hy het ons sondes deur sy bloed weer gereinig en versoen. Nou mag ons God weer aanspreek as Vader en meer nog as **onse** Vader.

God plant in die harte van mense wat Hy roep tot die ewige lewe, die saligmakende geloof. Hierdie geloof is 'n geestelike hand. Met hierdie hand in die sterk Hand van God gaan ons veilig die lewe en toekoms in. Wanneer God ons hand neem, voel ons nie meer bedreig nie, vrees ons nie meer die dood en dit wat volg na die dood, naamlik die regverdige oordeel van God, nie. Ons word nooit gekrenk deur ons Hemelse Vader nie en Hy stel nooit sy kinders teleur nie. Ons mag elke oomblik van ons bestaan na Hom toe gaan. Ons doen dit in ons gebede en as ons bid, vra ons dat net sy wil moet geskied en Hy wat ons gebede en sugte hoor en ons behoeftes ken, sal wat ons nodig het, aan ons voorsien.

Wat vra Hy?

Ons Vader in die Hemel wat ons Vader is deur die soendood van Jesus Christus aan die kruis van Golgota, vra nie wat jy in die verlede gedoen het nie. Hy vra nie wat jy kan betaal om van jou ellende verlos te word nie. Hy vra nie na jou afkoms, status of familieverband nie. Al wat God vra, is dat ons na Hom kom en **berou** betoon oor ons sondes.

Die verlore seun het opgestaan en na sy vader gegaan en ons lees in Lukas 15 die woorde: "En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen." Ons verneem van geen verwyte of klag nie. Die verlore seun word deur sy vader terug verwelkom, omhels en gesoen.

Staan op!

Hoe dwaas dat die mens op sy eie bene wil staan of wil bly by die varke-bak in die veld. Hoe tragies dat so baie mense, sonder die sterke Hand van God, hul eie weg wil gaan. As u nog sit en varkkos begeer, staan dan op en gaan na die Vader. Hy is onse Vader. Hy is ook u Vader. Hy het ook vir u plek in die Vaderhuis met die baie woninge. Staan op en gaan na Hom wat

veiligheid vir hierdie lewe, maar veral vir die bestaan hierna, sekerheid bied.

Ons het 'n Vader in die hemel. Ons is nie weeskinders nie.

Ons kan op Hom vertrou en ons lewe in Sy sterke Hand lê. Dan sál dit goed gaan met ons.

E. J. G. Norval

Broers en Susters

Miskien is broer en suster vir u dieselfde as kat en hond wat krap en byt. Maar oor die algemeen word daarmee bedoel: jou broer het dieselfde ouers as jy... so ook jou suster. As kinders van dieselfde ouers, is julle aan mekaar verbind. As jy iemand jou broer (suster) noem, beteken dit dat daar 'n besondere band tussen julle is. Die band bind julle so aanmekaar dat wat met die een gebeur, ook die ander raak.

Moordenaar

Die natuurlike verhoudinge van broer-broer of suster-suster of broer-suster word dikwels versteur deur onreg en twis. Een van die oudste ware verhale is oor 'n man wat sy broer doodgeslaan het. Die moordenaar se naam was Kain. Broers wat nie in liefde kan saam woon nie, is 'n ou verhaal wat vandag nog werklikheid is. So ook susters wat erger as katte is.

Oplossing

God het 'n oplossing vir hierdie oeroue probleem. Hy het sy Seun na die aarde gestuur en die Seun skaam Hom nie om ons mense **broers** te noem nie (Hebr. 2:11).

Sy band met die mens was so groot dat Hy, ons Broer in heel besondere sin, nie net **soos ons** gebore is nie, maar ook **vir ons** gesterf, uit die dood opgestaan, na die hemel opgevaar en sy Gees uitgestort het.

Hoof en liggaam

Deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou Hy vir Hom 'n eie volk. Hy noem dit KERK. Die kerk is so aan Hom verbind dat Hyself die Hoof en die kerk sy Liggaam genoem word.

Broers en susters van sy kerk is saam ledemate van sy liggaam. Die ledemate is nog gebrekkig, maar hulle is so aan Hom verbind dat hulle deel het aan sy sterwe, opstanding en hemelvaart. Die band word gewerk en versterk deur sy Gees en Woord.

Hulle is nie net aan die Seun van God verbind nie, maar deur sy toedoen ook aanmekaar as broers en susters. Daarom moet sy ledemate hul gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aanwend. KOM, voeg u in by die Liggaam van Christus, sy kerk. So ontvang u God se gawe: sy Seun en Hy u Vader. So deel u in sy erfenis van Geloof, Hoop en Liefde.

Om 'n broer en 'n suster te hê, beteken om saam met iemand anders dieselfde vader en moeder te hê. Die kerk is 'n broer- susterband. God is ons Vader. Die volgende is God se antwoord op 'n moorddadige en liefdelose lewe:

SY KERK;

BROERS EN SUSTERS;

GOD IS VADER;

ONS SY KINDERS.

J. J. de W. Kruger